# KINDERKERKLES: Drie Eenheid

**Doel van les:**

- In hierdie week se les praat ons oor die Drie Eenheid en verduidelik dit prakties vir kleintjies. Die Drie Eenheid is 'n moeilike konsep selfs vir grootmense en wil met hierdie les begin om die konsep vir die kleintjies bekend te stel.

**Ysbreker:**

- **Drie in een outfits:** Die groepe kry elkeen die volgende items klere: serp, hoed, brille. Hulle moet nou 3 maniere wys hoe hulle die drie items klere as 'n geheel kan dra om een "outfit" te maak.

Ons het sommer baie van God al geleer hierdie jaar sover. Ons gaan ook leer van Jesus en die Heilige Gees. Wie het al gehoor van die woorde Drie Eenheid? Soos ons nou kan hoor uit Drie Eenheid, bestaan dit uit drie lede – God die Vader, Jesus Christus en die Heilige Gees.

Daar is wel baie mense wat bietjie deurmekaar raak. Christene glo in slegs een God, maar tog is daar drie persone, die Drie Eenheid.

Vandag gaan ons iets in die Bybel lees wat ons dalk beter gaan laat verstaan hoe God drie is, maar ook een.

Lees gedeelte van Jesus wat gedoop word uit kinderbybel. (Mark 1:9-11) (Jeus het in daardie selfde tyd van Nasaret in Galilea af gekom, en Hy is deur Johannes in die Jordaan gedoop. Net toe Hy uit die water kom, het Hy die hemel sien oopskeur en die Gees soos 'n duif na Hom toe sien neerdaal. Daar was ook 'n stem uit die hemel: "Jy is my geliefde Seun. Oor Jou verheug Ek My."

Hier kan ons sien dat daar drie persone van God is. God die Vader wat uit die hemel praat, Jesus en die Heilige Gees.

Drie in een klink heel snaaks. Ons kan nie heeltemal verstaan hoe dit kan werk nie en dis heel ok. Wanneer dit by God kom, sal ons nooit als verstaan nie en dis hoe dit moet wees. God is ver groter as enige iets wat ons ooit kan dink. Mense wat dink hulle kan als verstaan, mag dalk 'n gevaar loop om iets belangrik te mis.

So vandag is daar 'n eksperiment en ek het drie helpers nodig.

Eerste persoon sal meel vashou, volgende sout en laaste een water.

Wys na koppie met meel in.  Kom ons sê hierdie koppie meel stel God die Vader voor.  Wit laat ons dink aan iets wat skoon is.  Ons weet dat God sonder sonde is.  (kind gooi meel in bak).

Volgende is die halwe koppie sout.  Kom ons imagine dat hierdie sout vir Jesus voorstel.  (kind gooi sout in bak).

Laaste is die halwe koppie water.  Kom ons dink nou aan die water as die Heilige Gees.  Water word baiekeer in die  Bybel gebruik om gees voor te stel.  (kind gooi water in bak).

Meng als goed saam.  Is die sout nog in die bak?  Is die meel nog in die bak?  En die water?

Ja, al drie die bestanddele is steeds in die bak, maar ons het nou een ding gemaak van dit.  Kan julle vir my sê wat?  Ons het deeg gemaak.  Dis nou een ding, maar tog is al drie die bestanddele steeds daar.

So in kort, is dit 'n basiese manier om aan die Drie Eenheid te dink.  Drie in een.  Definitief drie en ook definitief een.

Indien daar tyd is, kan hulle 'n prentjie inkleur.

Sluit af in groepe met gebed.